Ps. 68: 9.
Ps. 130: 1, 3
Ges. 31: 1, 2, 3, 5.

# Na Jou Binnekamer!

Aand. 23 apr. 1961.

Jes. 26: 1-21

Jes. 26: 20 – Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, ~~tot~~ dat die grimmigheid verbygaan.

Hd.-~~wd~~ wat ons vdm behandel (ook as voorbereiding vir ons Nagmaalsviering) is 'n oproep tot gebed, gerig deur d. Koning oder die profete tot die volk van God in een v.d. donkerste tye van Israel se bestaan: op d. vooraand v.d groot ineenstorting wat plaasvind as Israel wegge-voer word in sy ballingskap. // Die man wat hierdie woord sê, Jesaja, was iemand van hoogstaande ontwikkeling wie se profetiese arbeid baiekeer in nou verband gestaan het met die Koningshuis en die regering. Hy is een v.d. manne wat deur God opgewek word om Gods raad bekend te maak in 'n tyd van groot beroering toe die magte van Egipte en Assyrië stry om oppermagskappy. // Sy gerigsaankondiginge spruit voort uit sy oortuiging dat d. Assiriese leërs straks teen sy hele volk sou optrek. Sy tydgenote spot met sy somber voorspellinge maar dit weerhou Jesaja nie om die woord van God aan die volk te bring nie – nie met profet. bedenkinge nie. ~~as~~ profetiese bediening – en in besonder sy ernstige oproepe tot inkeer en gebed wat so herhaaldelik voorkom.

## I Waarom hd. Oproep?

As ons nou vra waarom hd. man van God so ernstig en so dringend en so herhaaldelik hierdie oproep tot gebed doen dan is die antwoord sekerlik a) omdat God hom die opdrag gegee het om dit soos 'n basuingeskal te laat uitgaan oor sy hele land en b) omdat die omstandighede so ernstig was dat hy oortuig was dat alleen gebed die volk kon red.

2.

→ Die vraag is nou of daar vandag sulke omstandighede in ons land bestaan wat so 'n oproep noodsaaklik maak — om 'n gehele Kerk & volk op te roep tot verootmoediging & gebed soos ons Transvaalse Sinode gevra het van sy lidmate?

Laat ons net 'n oomblik terugdink aan alles wat die afgelope jaar oor ons land gekom het: Eers die treurige mynramp te Coalbrook, toe die skokkende gebeure van Sharpeville en Langa, daarna die moorddadige afkeurenswaardige aanslag op die lewe van ons Eerste Minister. Gepaard daarmee die pynlike gevolge van 'n 4-jaar lange droogte wat groot dele van ons land tot stof laat verpulwer het gevolg deur die geweld van vloedwaters wat vernietiging gesaai het. Daarby die staatkundige gebeure vanaf die referendum en die uittrede van S.A. uit die Statebond met die felle en heftige reaksie wat dit vanoor die hele wêreld uitgelok het en ons laat sien het hoe wêreldmenings en wêreldmagte besig is om hulle teen S.A. te monster. Sê ons dan te veel as ons dit as ons heilige oortuiging uitspreek dat ons land hom nou die grootste krisis van sy bestaan bevind? En dat die Kerk en die Christendom in S.A. vandag getel en geweeg word soos nog nooit van tevore?

Wat ookal u siening van die erns van die toestand is waarin ons ons bevind — een ding is seker: dis nie nou 'n tyd van oppervlakkige feesvieringe of goedkoop jolyt nie. As daar ooit 'n tyd was dat Kerk & volk moet stilstaan en die profetiese woord beluister met diepe erns & aandag dan is dit nou: „Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe"

3.

II Tot wie kom die Oproep? Jesaja spreek hier sy volk aan: „my volk". Maar hd. aanspreeksvorm het 'n besondere betekenis wanneer dit kom uit die mond van 'n profeet van Israel tot daardie volk. Dan mag ons dit nooit sien dat die Kerkvolk hier praat met die Jode as aardse nasie nie, maar met Israel as volk van God, as Kerk van die Ou Testament. // Dis ook heeltemal ondenkbaar dat enige aardse nasie as nasie sal behoefte hê of belang sal hê om te bid. Nee dis 'n oproep tot die Godsvolk, die gelowiges.

Dis ook 'n uitnodiging, dringend, diep: „Kom". Dis asof ons die heilige ongeduld in Jesaja se stem hoor, asof hy vir die Godsvolk sê: Kan julle dan nie sien: die tyd word kort — baie kort? Kom — kom voor dit te laat is!

→ Tot wie praat God vandag so in S.A.? Wie sal verstaan, stilstaan en luister as hulle dié woord hoor? Sekerlik nie die wêreldling, sekerlik nie die naam Christene, die tradisie-kerklidmate nie — nee! Wie wel sal luister is Gods kinders, sy ware Kerk, die egte Christene — hulle wat hierdie taal verstaan, hulle wat Gods stem hierin verneem, hulle wat Sy wil wil soek en sy gebod wil gehoorsaam omdat hulle harte saam praat en hulle wil hierdie gees adem.

Ons as Christene glo tog dat God alle dinge laat plaasvind met 'n doel. Het ons nog nooit die afgelope jaar gevra: Here, wat wil u aan ons sê deur al hierdie gebeure, rampe en vloede en wêreldgetye? Met 'n wat antwoord God: „Kom, my volk, gaan in jou binnekamers": Ek wil julle antwoord, maar nie hier nie — daar!"

III Wat sê God met hierdie Oproep? Dis 'n baie eenvoudige boodskap: „Gaan in jou binnekamer en sluit jou deur agter jou toe". In tye van groot koersloosheid en krisis was dit altyd die opdrag van God: Aan Elia in sy nood, aan Daniël in sy bedreiging, aan Christus in sy worsteling, aan Paulus in sy vervolging: „Gaan in jou binnekamer". Dus nie g eerstens: Gaan beraadslaag, organiseer, kragte monster (om van onwaardige intriges nie eers te praat nie) maar: Gaan in jou binnekamer. Waarop God wag is dus nie 'n amptelike formele oproep van predikante of 'n kerk nie — maar die spontane beweging van groepies Christene wat, gedryf deur die nood en uit brandende persoonlike behoefte, saamkom en eenkant te gaan! As dit nie so ontstaan is dit die bewys dat daar geen behoefte is nie, of dat ons blind is om d.-erns van ons nood te sien!

Maar wat beteken dit om in jou binnekamer te gaan? Wat hou dit in? Dit beteken dat God sê:

① „Besin": Begin by Gods woord en vra wat dit sê vir ons kerk, ons land, ons tyd. Gaan word stil — sluit sake en mense en ander idees en vooringenome standpunte uit: Sluit die deur agter jou toe — dis nou net jy en jou God! Dink na, dink — dink oor Gods wil vir jou en jou mense — Gods plan en deel met al die gebeure, Gods roeping vir jou in jou situasie.

As dit ons waarlik erns is om in die binnekamer in te gaan sal ons weer ons Bybels begin lees soos ons nou ons koerante lees — elke dag,



vroeg in die môre en laat in die aand — omdat dit nuus bevat, nuus van God, vars nuus vir ons nood en ons tyd!

② „Bely": Dis die 2de ~~ding wat met ons sal gebeur~~ stap waarin God ons lei: wie in gees en waarheid die aangesig van God soek sal kom tot verootmoediging en belydenis van skuld. 'n Kerk wat vergeet het om skuld te bely is 'n kerk wat opgehou het om kerk te wees! Nooit mag die kerk sê: Die spanning & verwarring, die verdeeldheid en onsekerheid gaan my nie aan nie. Ons het gehoor dat daar gesê is dat ons moet oppas vir 'n sieklike skuldkompleks asof ander mense nie ook sondes het om te bely nie. Dis maar: maar die Xten se belydenis mag nooit afhanklik wees van ander kerk of mense se weiering om belydenis te doen nie ~~mense so toe~~. Die Xten in sy binnekamer het te doen met God — nie met mense nie. In wie is daar wat durf waag om te sê dat ons as kerk en as volk niks het om te bely nie?

③ Besluit: Waar Godsoeker se binnekamer hulle by ① en ② gebruik het, volg ③: duidelike insigte, nuwe besluite, besliste opdragte, helder visioene van Gods roeping. Waar die Xten die binnekamer daar ingegaan het tot God in die, is daar geen plek vir die sondige fatalisme wat ons beluister wat beweer: „Ons het tog geen oplossing vir ons moeilikhede — dis nou 'n klassieke ~~tot~~ staan of steek" Die ware geloof praat nie in so 'n taal nie — die ware geloof sê: „Ek weet nie wat God gaan sê nie, ek weet nie waarheen Hy sal lei nie, maar dit weet ek dat die Gees van God sy volgelinge in die volle

„Nader tot God en Hy sal tot julle nader"

„Want as u oordele op die aarde is, leer die inwoners v.d. wêreld geregtigheid"

„Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uitgaan, die heerlikheid van die Here jou agterhoede wees"